Goeimôre

Ek bevestig ons gesprek na aanleiding van Tshwane se opponereing van julle Petisie om Verlof om te Appelleer.

Ek stel voor dat jy julle regspan daarop attent maak dat Tshwane sedert die algemene verkiesing nagelaat het om aan art 59 van die Munisipale Sisteme Wet te voldoen deur 'n Delegasies Resolusie te aanvaar. Elke Raad moet so 'n resolusie aanvaar na sy verkiesing en die resolusie bind slegs die raad wat die resolusie aanvaar het.

By ontstentenis van so 'n resolusie vestig alle regte steeds in die raad.

Die Raad het in die geval nie 'n besluit geneem om tussenby te tree en die aansoek teen te staan nie.

Selfs al word geargumenteer dat die resolusie van die vorige raad in plek bly tot die nuwe resolusie aanvaar is, en dat die besluit in terme daarvan geneem is, moes die besluit by wyse van 'n verslag deur die delegasie houer aan die raad voorgele gewees het by die eerste geleentheid beskikbaar (sien art 63).

Geen so 'n besluit is aan die raad voorgehou nie.

Ek stel dus voor dat julle die magtiging om te opponeer op die laat stadium in dispuut plaas en vra vir bewys. Sodra julle die het kan julle die magtiging in dispuut plaas op sterkte van art 59 en 63 van die wet.

--
Regards,